Tracker se oproep keer groot skade toe kar brand

Carina van Wyk

Was dit nie vir die opsporingstelsel in haar Mercedes-Benz nie, het me. Mary Ann Billing (63) van Boksburg aan die Oos-Rand se huis dalk afgebrand.

Die voertuigopsporingsmaatskappy Tracker het haar gister omstreeks 05:10 wakker gebel nadat hul stelsel 'n sein van haar motor af ontvang het. Sy het gaan kyk of die wit Mercedes-Benz nog onder die afdak by haar huis in Atlasville staan toe sy iets ruik wat brand. "Toe sien ek daar kom rook by my hele kar uit . . . rook het by die enjin uitgeborrel."

Sy het haar seun, mnr. Gavin Billing (39), geroep wat toe die smeulende brand met 'n brandblusser in bedwang gekry het. Volgens haar het die brand telkens weer begin smeul en sy het met trane in die oë toegekyk.

Die agt jaar oue motor moes die vorige aand ingesleep word nadat dit vermoedelik weens 'n elektriese fout langs die pad gaan staan het.

Volgens Billing kon daar groot skade gewees het as Tracker haar nie gebel het en sy en haar seun 'n erge brand kon verhinder nie.

Haar motor was langs sy Ford Fiesta en naby die motorhuis se houtdeure geparkeer en die tenk was vol petrol.

Die motor se enjinkap en paneelbord is beskadig.

Van die plastiek en spons in die Mercedes is gesmelt.